

Nuwe bedryfsriglyne kan rooibos gou-gou 'n 'groen' tee maak

Jorisna Bonthuys, Kaapstad

'n Stel riglyne wat daarop gemik is om "groener" produksie in die rooibosbedryf te bevorder, is onlangs bekend gestel.

Besonderhede daarvan is verskaf op 'n ope dag wat in die Sandveld aangebied is.

Dié biodiversiteitsriglyne is 'n produk van die Rooibos-biodiversiteitinisiatief van die Suid-Afrikaanse Rooibosraad (SARC) en CapeNature (Wes-Kaapse statutêre bewaringsraad).

Die produksie van aangeplante rooibos (*Aspalathus linearis*) word uitgesonder as van die grootste bedreigings wat die natuurlike omgewing in die Groter Cederberg-biodiversiteit-korridor (GCBC) betref.

Die GCBC is 'n mega-reservaatprojek van CapeNature.

Daar bestaan kommer dat die toename in rooibosproduksie (742% van 1993 tot 2003) en die verwagte toekomstige groei van die bedryf druk op kwesbare natuurlike habitat sal verhoog.

In die Wes-Kaap is tans ongeveer 36 000 ha onder rooibosaanplantings (teenoor 14 000 ha in 1991).

Volgens die biodiversiteitsriglyne het die groeiende markvraag en beperkte gebied waarin rooibos verbou kan word, daartoe gelei dat die bedryf sy voetspoor na die suidweste uitgebrei het, met aansienlike groei in die Sandveld- sowel as die Nieuwoudtville-gebied.

Die doel van hierdie riglyne is om metodes vir volhoubare produksie in dié rooibosstreek aan te moedig, sê me. Jenifer Gouza, koördineerder van die GCBC.

Rooibosproduksie en die aartappelbedryf is sleutelaandrywers van die ekonomie van dié streek.


"In die lig van globale uitdagings soos klimaatsverandering, die agteruitgang van grondbronne, kwessies in verband met kossekerheid, asook waterskaarste en energietekorte, is dit nodig om ook in die landbousektor volhoubare ontwikkeling te bewerkstellig," sê Gouza in 'n onlanse verklaring hieroor.

Die GCBC, wat 'n die mees bedreigde biodiversiteit in die fynbosryk huisves die gebied waar die meeste rooibos kommersieel verbou word.

Die korridor strek van Elandsbaai aan die Weskus tot by die Tankwa- of -res-Karoo. Die Nieuwoudtville-omgewing en die Groot Winhoekberge vorm onderskeidelik die noordelike en suidelike grense daarvan.

Dié streek waarin rooibos aangetref en verbou word, word uitgesonder as kwesbaar vir klimaatsverandering.

Bedryfspesifieke navorsing hieroor is onder-



'n Rooiboslandery.

Foto: SARC

Te midde van die heersende koers van landbou-uitbreidings word 'n styging in die getal bedreigde plantspesies in die fynbosbroom bespeur.

Die grootskaalse aanplanting van rooibos om aan die groeiende vraag te voldoen, lei naas habitatverlies en -fragmentasie ook tot druk op endemiese spesies, insluitend dié wat van dieselfde genus as rooibos is.

Die genetiese materiaal van endemiese rooibos ("wilde" tee) kan te midde van klimaatsverandering moontlik al hoe belangriker word vir kommersiële produsente.

Die biodiversiteitsriglyne word tans deur mnr. Gerhard Pretorius, die SARC se biodiversiteitprojekbestuurder, in oor-

leg met 'n sleutelgroep van 20 stuks teeboere toegepas.

Planne vir omgewingsbestuur word nou vir hul plase ontwikkel.

Dié groep boere, wat saam byna 'n kwart van die streek se totale rooibosproduksie lewer, sal 'n oudit van hul bestuurspraktyke ondergaan om gesertifiseer te kan word as produsente wat dié riglyne toepas.

Daar word gepoog om met die toepassing hiervan alternatiewe markte vir tee produsente te ontwikkel.

Gesprekke hieroor is onderweg onder die vaandel van Greenchoice, 'n alliansie wat volhoubare landbouproduksie bevorder.

Die alliansie, wat deur die

WWF-SA en Conservation International bestuur word, ontgin tans markopsies vir "groener" landbouprodukte.

Die riglyndokument sal die grondslag help vorm vir 'n oudit-en-sertifiseringstelsel vir produsente en verwerkers, verduidelik Pretorius.

Die sertifiseringstelsels wat hierdeur gerig kan word, is Fair Trade, Tesco Nature's Choice, SAGAP, GlobalGap en Ecocert.

Daar word beoog om as deel van 'n loodsprojek minstens 20 teeboere as ekologies vriendeliker produsente (uit 'n biodiversiteitsoogpunt), te sertifiseer. Net boere wat beste praktyke soos uiteengesit in dié riglyne toepas, sal hiervoor in aanmerking kom.

Mnr. Dawie de Villiers, wat gemoeid is met die SARC se portefeulje vir die bestuur van natuurlike hulpbronne, sê intussen word planne ondersoek om rooibos as 'n sogenaamde geografiese indikator (GI) te registreer, as 'n meganisme vir generiese bemerking en die beskerming van intellektuele eiendomsreg vir dié bedryf.

GI-registrasie verwys na produkte van oorsprong, oftewel produkte waarvan die unieke eienskappe aan 'n spesifieke geografiese streek gekoppel kan word.

GI stel produsente in staat om hul produkte van mededingers in die mark te onderskei.

De Villiers sê die bestepraktyk-riglyne kan baie help om die voortbestaan van die streek se unieke biodiversiteit te verseker en hou ook moontlike voordele vir produsente in.

Daar is tans nagenoeg 450 rooibosprodusente en in 2007 was hul gesamentlike oes naastenby 15 000 ton. Verkope is op 11 000 ton geskat, waarvan 6 000 ton uitgevoer is.

Volgens rooibos-sektorverslae was teepryse onlangs byna dieselfde as in 2000, onder meer weens oorskotproduksie. Teeboere kry nou gemiddeld minder as R6/kg (vergeleke met R16/kg in 2004).

Planne vir die sertifisering van beste praktyke in die bedryf wat biodiversiteit betref, kom nadat die Sandveldse aartappelbedryf 'n eerste stel bestepraktyk-riglyne vir aartappelprodusente beskikbaar gestel het.

Die behoefte aan sulke riglyne vir aartappelboere het ontstaan weens die toename van watergebruik, die ontbossing van natuurlike veld en negatiewe persepsies oor die volhoubaarheid van aartappelproduksie. Twintig stuks aartappelboere het reeds hul gewig ingegooi agter 'n stelsel van vrywillige sertifisering.

■ Bron bygewerk: Biodiversity Best Practices Guidelines for Rooibos Production.